## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings, naamlik AFDELING A, B, C, D en E.

2. AFDELING A en B is verpligtend.

3. AFDELING C: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM), AFDELING D: JAZZ en ADELING E: INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (IAM) is keusevrae. Beantwoord slegs EEN van hierdie afdelings (AFDELING C of D of E).

4. Skryf al die musieknotasie in AFDELING A in potlood en al die geskrewe teks in blou of swart ink.

5. Beantwoord AFDELING B en AFDELING C of D of E in blou of swart ink in die ANTWOORDEBOEK wat voorsien word.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Kandidate mag hierdie bladsy verwyder.

8. Kandidate mag vir die duur van hierdie eksamen NIE toegang tot enige musiekinstrument hê NIE.

9. Skryf netjies en leesbaar.

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 10
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

Kopiereg voorbehou 

## NASIENROOSTER

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | NASIENER | MODERATOR |
|---|---|---|---|---|
| A: Musiekteorie (VERPLIGTEND) | 1 | 20 | | |
| | 2 | 15 | | |
| | 3 | 10 | | |
| | 4 | 15 | | |
| | SUBTOTAAL | 60 | | |
| EN | | | | |
| B (VERPLIGTEND) | 5 | 20 | | |
| | SUBTOTAAL | 20 | | |
| EN | | | | |
| C: WKM | 6 | 10 | | |
| | 7 | 8 | | |
| | 8 | 7 | | |
| | 9 | 15 | | |
| | SUBTOTAAL | 40 | | |
| OF | | | | |
| D: JAZZ | 10 | 10 | | |
| | 11 | 8 | | |
| | 12 | 7 | | |
| | 13 | 15 | | |
| | SUBTOTAAL | 40 | | |
| OF | | | | |
| E: IAM | 14 | 10 | | |
| | 15 | 8 | | |
| | 16 | 7 | | |
| | 17 | 15 | | |
| | SUBTOTAAL | 40 | | |
| | GROOTTOTAAL | 120 | | |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 10
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

**AFDELING A: MUSIEKTEORIE (VERPLIGTEND)** **(90 minute)**

**Beantwoord VRAAG 1**
**EN VRAAG 2.1 OF 2.2**
**EN VRAAG 3**
**EN VRAAG 4.1 OF 4.2.**

Kandidate moet die vrae op hierdie vraestel in die spasies wat voorsien word, beantwoord.

**VRAAG 1** **(25 minute)**

Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

# Study

T.F. Dunhill






DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 18
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

1.1 Noem die TWEE toonsoorte wat in hierdie uittreksel voorkom.

**Antwoord:**
G mineu, C mineur, F mineur

*G mineur = 1 punt*
*C mineur = 1 punt*
*F mineur = 1 punt*
*Enige TWEE korrekte antwoorde*

1.2 Noem die tipe drieklanke wat **1.2.1** en **1.2.2** gemerk is, byvoorbeeld majeur drieklank.

**Antwoord:**
1.2.1 Verminderde drieklank OF g:ii°6/4
1.2.2 Vergrote drieklank OF c:III+

*1.2.1 Verminderde drieklank OF g:ii°6/4 = 1 punt*
*1.2.2 Vergrote drieklank OF c:III$^+$= 1 punt*

(2)

1.3 Benoem die interval wat **1.3** gemerk is, byvoorbeeld volmaakte 4$^{de}$


**Antwoord:**
Saamgestelde Majeur 3$^{de}$/Majeur 10$^{de}$

| | |
|---|---|
| *Saamgestelde Majeur 3$^{de}$/Majeur 10$^{de}$* | *= 1 punt* |
| *Net Majeur 3$^{de}$* | *= ½ punt* |

(1)

1.4 Gee die omkering van die interval wat **1.4** gemerk is. Skryf en benoem die omkering van die interval in die spasie hieronder. Gebruik enige nootwaarde.

**Antwoord:**



Majeur 2$^{de}$

| | |
|---|---|
| *Korrekte notasie* | *= 1 punt* |
| *Interval: Majeur 2$^{de}$* | *= 1 punt* |
| *Slegs 2$^{de}$* | *= geen punt nie* |

*Kandidate kan op enige register noteer ( ½ punt vir saamgestelde interval)*

(2)

1.5 Herskryf die basparty van maat 5 en verdubbel die nootwaardes. Skryf jou antwoord in die altsleutel. Voeg die nuwe tydmaatteken by.

**Antwoord:**




| | |
|---|---|
| *Korrekte sleutel* | *= 1 punt* |
| *Korrekte tydmaatteken (4/4 is nie aanvaarbaar nie)* | *= 1 punt* |
| *1 punt per polsslag (minus 'n ½ punt per fout tot 'n maksimum van 2 punte)* *Indien toonhoogte foutief is, minus ½ punt per pols* | *= 2 punte* |

(4)

1.6 Noem die maat waarin al die note van 'n stygende melodiese mineurtoonleer voorkom.

**Antwoord:**
Maat 13


| *Maat 13 = 1 punt* |
|---|

(1)

1.7 Skryf 'n toonleer volgens die volgende instruksies en gebruik die gegewe sleutel:

- Die natuurlike mineurtoonleer wat op G begin sonder 'n toonsoortteken
- Skryf slegs opgaande.
- Gebruik heelnote.

**Antwoord:**



| *Minus 'n ½-punt per fout tot 'n maksimum van 2 punte* |
|---|

(2)

1.8 Gee 'n ander naam vir die natuurlike mineurtoonleer.

**Antwoord:**
Eoliese modus/Dalende melodiese mineur (-toonleer), Rein mineur

| (A)Eoliese modus/Dalende melodiese mineur toonleer), Rein mineur = *1 punt* |
|---|

(1)

1.9 Skryf 'n toonleer volgens die volgende instruksies en gebruik die gegewe sleutel:

- Die Doriese modus wat op G begin
- Skryf slegs opgaande.
- Gebruik heelnote.

**Antwoord:**



| *Minus 'n ½-punt per fout tot 'n maksimum van 2 punte* |
|---|

(2)

1.10 Herskryf die sopraanparty van maat 4 deur die note enharmonies te verander (note wat dieselfde klink, maar ander lettername het).

**Antwoord:**



| *1 punt per maatslag = 2 punte*<br>*(minus 'n ½-punt per fout)*<br>*Ander korrekte moontlikhede is ook aanvaarbaar.* |
|---|

(2)

PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

1.11 Identifiseer die komposisietegniek by **1.11**.

**Antwoord:**
Sekwens/Ritmiese herhaling

| *Sekwens/ Rimiese herhaling = 1 punt* |
|---|

(1)
**[20]**

PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 10
PRIVATE BAG X110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

## VRAAG 2 (25 minute)

**Beantwoord VRAAG 2.1 OF VRAAG 2.2.**

2.1 Voltooi die aanvangsmotief hieronder om 'n twaalfmaatmelodie in drieledige vorm vir enige enkellyn- melodiese instrument van jou keuse te skep. Dui die instrument aan waarvoor jy skryf. Dui die tempo aan en voeg dinamiek- en artikulasietekens by.

**Konsepantwoord:**

Instrument: Tromboon/Fagot/Tjello/Mannestem




**OF**

2.2 Voltooi die openingsmotief hieronder om 'n twaalfmaatmelodie in drieledige vorm vir enige enkellyn- melodie instrument te skep. Dui die instrument aan waarvoor jy skryf. Dui die tempo aan en voeg dinamiek- en artikulasietekens by.

**Konsepantwoord:**

Instrument: Kitaar/Saksofoon/Klarinet/Trompet/Vrouestem




Kopiereg voorbehou 

Die melodie sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

| BESKRYWING | PUNTETOEKENNING | | | KANDIDAAT SE PUNT |
|---|---|---|---|---|
| **Instrumentkeuse**<br>Enige geskikte enkellyn-melodiese instrument. (Klavier word nie aanvaar nie.) | *Instrument*<br>*Vroue of Mannestem word aanvaar, maar moet binne die spesifieke stemtoonhoogte geskryf word* | | =1 | |
| **Vorm en kadenspunte** | *1 punt per frase x 3* | | =3 | |
| **Korrekte notasie**<br>Nootstele, maatslae per maat, skuiftekens, spasiëring | *Korrekte notasie*<br>*(Minus 'n ½-punt per fout tot 'n maksimum van 1 punt)* | | =1 | |
| **Dinamiek en artikulasie** | | | =2 | |
| **Musikaliteit**<br>Melodiese kontoer, klimaks, ritme, musikale eenheid, kreatiwiteit | 7–8 | ***Uitstekend:***<br>*Samehangend en musikaal; vindingryke kadense definieer die vorm; aanvangsmotief innoverend voortgesit; geniale gebruik van tonaliteit; modulasie (nie verpligtend) suksesvol; melodiese kontoer meesterlik hanteer; kreatiewe benadering tot die keuse van toonhoogte en ritme* | =8 | |
| | 5½–6½ | ***Goed:***<br>*Korrek en musikaal; kadense dui vorm duidelik aan; aanvangsmotief sinvol voortgesit; tonaliteit stabiel; poging tot modulasie (nie verpligtend nie); melodiese kontoer bevredigend; keuse van toonhoogte en ritme akkuraat* | | |
| | 4–5 | ***Gemiddeld:***<br>*Musikaal nie oortuigend; nie al die kadense duidelik; aanvangsmotief nie ten volle benut nie; tonaliteit alledaags; melodiese kontoer ingeperk; keuse van toonhoogte en ritme oninteressant* | | |
| | 2½–3½ | ***Slaagwaardig:***<br>*Onmusikaal; kadense onduidelik; aanvangsmotief hoofsaaklik geïgnoreer; swak gevoel van tonaliteit; effense melodiese kontoer; swak keuse van toonhoogte en ritme* | | |
| | 0–2 | ***Onaanvaarbaar:***<br>*Geen musikale sin nie; geen sin vir kadense nie; aanvangsmotief geïgnoreer; geen tonale sin nie; geen melodiese kontoer nie; arbitrêre keuse van toonhoogte en ritme* | | |
| TOTAAL | | | 15 | |

**[15]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 10
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

**VRAAG 3** **(10 minute)**

Bestudeer die uittreksel uit *Bottle Junction* deur Nikki Iles hieronder en beantwoord die vrae.

**Antwoord:**

# Bottle Junction

*(uittreksel)*

Nikki Iles




DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 10
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

Kopiereg voorbehou 

3.1 Identifiseer die akkoorde vanaf (a)–(e) en besyfer hulle op die partituur. Gebruik besyferingsimbole onder die partituur OF akkoordsimbole bo die partituur. Let op die voorbeeld in maat 1.

**Antwoord:**
Sien partituur:

| | |
|---|---|
| *1 punt per akkoord* | *= 5 punte* |
| *minus 'n ½-punt vir elke fout* | |
| *Alternatiewe besyferingsimbole, bv. Va, Vb, Vc is ook aanvaarbaar* | |

(5)

3.2 Noem die tipe nie-akkoordnote by (f) en (g).

**Antwoord:**
(f) Deurgangsnoot
(g) (Geaksentueerde) Bo-hulpnoot (bo-wisselnoot)/ *Harmonienoot*

| | | |
|---|---|---|
| *(f)* | *Deurgangsnoot* | *= 1 punt vir woord 'deurgangsnoot'* |
| *(g)* | *(Geaksentueerde) Bo-hulpnoot (bo-wisselnoot)/Harmonienoot* | *= 1 punt vir woord 'hulpnoot (wisselnoot)/Harmonienoot* |

(2)

3.3 Skryf die akkoordprogressie en die naam van die kadens by (h).

**Antwoord:**
- V7–I of E7–A
- Voltooide/Volmaakte (kadens)

| | |
|---|---|
| *V7–I **of** E7–A* | *= 1 punt ('n ½-punt vir elke korrekte akkoord)* |
| *Voltooide (kadens)* | *= 1 punt* |

(2)

3.4 Noem die komposisietegniek wat in die G-sleutel in maat 1 en 2 gebruik word.

**Antwoord:**
- Pedaalpunt
- Ritmiese harhaling
- Ankernootpatroon op E
- Maat 2 is 'n variasie van maat 1
- Sekwens
- Die hoër note word sekwensieel gehanteer, terwyl laer note (E) 'n pedaalpunt vorm (1)

| | |
|---|---|
| *Enige EEN korrekte antwoord* | *= 1 punt* |

**[10]**

PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

## VRAAG 4 (30 minute)

**Beantwoord VRAAG 4.1 OF VRAAG 4.2.**

4.1 Voltooi die vierstemmige vokale harmonisering hieronder deur die alt-, tenoor- en baspartye by te voeg. Gebruik ten minste TWEE nie-akkoordnote.

**Konsepantwoord:**




PUBLIC EXAMINATIONS
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001

Die harmonisering sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

| BESKRYWING | PUNTETOEKENNING | | KANDIDAAT SE PUNT |
|---|---|---|---|
| **Akkoordkeuse** | *Akkoordprogressie (1 punt per progressie)* | =13 | |
| **Korrektheid**<br>Notasie, verdubbeling, spasiëring, stemleiding | *Minus ½-punt per fout tot 'n maksimum van 5 punte en nie meer as minus 1 per akkoord nie* | =5 | |
| **Gebruik van nie-akkoordnote** | *Enige TWEE van die volgende: deurgangsnote, hulpnote (wisselnote), terughoudings, vooruitnemings, ens.* | =2 | |
| | *Nota aan nasiener: Punt uit 20 moet nie 'n ½-punt bevat nie* | **20 (÷ 4 x 3)** | |
| **TOTAAL** | | **15** | |

[15]

**Nota aan Nasiener:** Die verandering van 14 na 13 punte in die Akkoordkeuse-kategorie is gemaak omdat daar slegs 13 progressies is. 1 Punt is by die korrektheid-kategorie gevoeg.

**OF**

4.2 Voltooi die stuk hieronder deur toepaslike genoteerde harmoniese materiaal op die leë partituur in te skryf. Voeg 'n geskikte sleutel en toonsoortteken by.

**Konsepantwoord:**




Die antwoord sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

| BESKRYWING | PUNTETOEKENNING | | KANDIDAAT SE PUNT |
|---|---|---|---|
| **Akkoordkeuse** | *Gegewe akkoorde*<br>*Keuse van oorblywende akkoorde* | =5<br>=12 | |
| **Korrektheid**<br>Notasie, verdubbeling, spasiëring, stemvoering | *Minus 'n ½-punt per fout tot 'n maksimum van 3 punte, maar nie meer as minus 1 per akkoord nie* | =3 | |
| | *Nota aan nasiener: Punt uit 20 moet nie 'n ½-punt bevat nie* | **20**<br>**(÷ 4 x 3)** | |
| **TOTAAL** | | **15** | |

*'n Ander/Kreatiewe antwoord en korrekte harmonisering sal ook aanvaar word, al verskyn dit nie in die memorandum nie.*

**[15]**

**TOTAAL AFDELING A: 60**

PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

## AFDELING B, C, D, E: ALGEMENE MUSIEKKENNIS **(90 minute)**

**Beantwoord AFDELING B**
**EN AFDELING C (Westerse Kunsmusiek)**
**OF AFDELING D (Jazz)**
**OF AFDELING E (Inheemse Afrika-musiek).**

Kandidate moet hierdie vrae in die ANTWOORDEBOEK wat voorsien word, beantwoord.

## AFDELING B: ALGEMEEN (VERPLIGTEND)

*Een punt sal vir elke korrekte feit toegeken word. Enige ander korrekte antwoord wat nie in die memorandum gegee word nie, sal ook aanvaar word.*

### VRAAG 5

5.1

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5.1.1 | D | Al die bogenoemde | (1) |
| 5.1.2 | C | Klarinet | (1) |
| 5.1.3 | A | Sitar | (1) |
| 5.1.4 | D | Lenaka | (1) |
| 5.1.5 | C | Hobo | (1) |
| 5.1.6 | B | Majeur toonleer | (1) |
| | C | Pentatoniese toonleer | |
| 5.1.7 | B | Idiofonies | (1) |
| 5.1.8 | C | Toon, halftoon, toon, toon, toon, halftoon, toon | (1) |
| 5.1.9 | A | Sforzando | (1) |
| 5.1.10 | C | Isicathamiya | (1) |
| 5.1.11 | C | Kora | (1) |
| 5.1.12 | C | Barok | (1) |
| 5.1.13 | D | enkelvoudige vierslagmaat. | (1) |
| 5.1.14 | A | Afro-Amerikaners. | (1) |
| 5.1.15 | B | 'n spontane skepping is | (1) |
| 5.1.16 | A | word in enkellynmelodie gekenmerk | (1) |
| | C | kom in kamermusiek voor | |
| | D | word deur oorvleuelende melodieë gekenmerk | |
| 5.1.17 | B | Concerto | (1) |
| 5.1.18 | B | Chromatiese harmonie | (1) |

*1 punt vir elke korrekte antwoord per vraag*
*Net die eerste 10 antwoorde van die kandidaat sal nagesien word*

**[10]**

PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

5.2

5.2.1
- Kopieer van musiek (audio, video of partituur) wat nie in die publieke domein is nie.
- Onwettige kopiëring van musiek om dit te verkoop en geld te maak

*1 punt vir enige EEN korrekte antwoord* (1)

5.2.2
- Aanlynrowery – musiek onwettig aflaai van die internet
- Roofopnames of onwettige kopieë van CD's
- Geheime of onwettige opnames van radio, TV programme of lewendige konserte
- Onegte opnames wat as oorspronklike weergawes afgemaak word

*1 punt vir elke korrekte antwoord tot 'n maksimum van 2 punte* (2)

5.2.3

(a)
- 'n Mens moet toestemming van die kopieregeienaar verkry
- 'n Mens moet toestemming verkry om enige musiek onder kopiereg te gebruik
- 'n Mens sou die eienaar van die kopiereg van die lied, 'n bepaalde persentasie van die tantième van die nuwe werk moet betaal

*1 punt vir enige EEN korrekte antwoord* (1)

(b)
- Uitvoerregte: tantième word betaal aan komponiste wanneer hul musiek in die openbaar uitgevoer word.
- Meganiese regte: tantième word betaal aan komponiste wanneer hul musiek kopieer word in enige vorm – as CD's gedruk word, of wanneer MP3's aanlyn verkoop word.
- Naaldspeeltydregte: tantième word aan uitvoerende kunstenaars betaal wanneer 'n opname gebruik word.

*1 punt vir elke korrekte antwoord tot 'n maksimum van 2 punte* (2)

5.2.4
- Uitvoerder
- Komponis
- Regisseur
- Verkoopsagent
- Vervaardiger
- Verspreider
- Ontwerpkunstenaar

PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

(3)

5.2.5 Hulle is almal opname-agentskappe (opname-huise).

*1 punt* (1)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

**Beantwoord AFDELING C (WKM)
OF AFDELING D (JAZZ)
OF ADELING E (IAM).**

## AFDELING C: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM)

| |
|---|
| *Een punt sal vir elke korrekte feit toegeken word.<br>Enige korrekte antwoord wat nie in die memorandum gegee word nie, sal ook aanvaar word.* |

### VRAAG 6

6.1
- 'n Enkeldelige orkeswerk met 'n program
- 'n Romantiese orkeswerk wat 'n buite-musikale idee uitbeeld

| |
|---|
| *1 punt vir verwysing na 'orkeswerk'<br>1 punt vir verwysing na 'program' of 'buite-musikale' idee'* |

(2)

6.2 Sonatevorm

| |
|---|
| *1 punt* |

(1)

6.3
- Vierde beweging: *Donderstorm*
- Vyfde beweging: *Herderslied* of *Dankbare gevoelens na die storm*

| |
|---|
| *1 punt vir elke korrekte antwoord = 2 punte* |

(2)

6.4
- Daarstelling van die uitleg van die standaard Klassieke orkes
- Dinamiek
- Speeltegnieke
- Vuurpyl
- Sug
- Sonatevorm bevestig
- Simfoniese struktuur

(1)

| |
|---|
| *1 punt* |

6.5
6.5.1 D Papageno
6.5.2 C Queen of the Night
6.5.3 A Sarastro
6.5.4 B Tamino

PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

| |
|---|
| *1 punt vir elke korrekte antwoord = 4 punte* |

(4)
**[10]**

## VRAAG 7

**Vorm**

- Simfonie in vyf bewegings (anders as die Klassieke model)
- Eerste beweging: sonatevorm
- Tweede beweging: sonatevorm
- Derde beweging: - scherzo en trio-vorm (drieledige vorm)
  - eindig plotseling, attacca na die vierde beweging (geen ruspunt nie)
- Vierde beweging: - vry episodiese vorm
  - beweeg vlot na die vyfde beweging
  - laaste drie bewegings vorm 'n eenheid
- Vyfde beweging: sonate rondovorm
- Koda-dele uitgebrei

*1 punt vir elke korrekte feit tot 'n maksimum van 3 punte* (3)

**Dinamiek**

- Groter dinamiese omvang gebruik om program te illustreer (bv. Storm – baie hard)
- Dinamiese omvang van *pp* (reëndruppels) tot *ff* (tromroggel stel donderweer voor)
- Skielike, onverwagte dinamiese veranderinge bv. *Fortepiano* in vierde beweging
- *Fortissimo* tremolo-arpeggio passasies in die strykers om opwinding en spanning te verhoog
- Flink crescendo's wat lei na die inval van die tromboon en die klimaks van die vierde beweging
- *Pianissimo* strykerpassasie wat die vyfde beweging afsluit
- *Brei orkes uit vir groter klankvolume*

*1 punt vir elke korrekte feit tot 'n maksimum van 5 punte* (5)

**[8]**

Bron: Warburton, A: *Analysis of Musical Classics,* Book 3, Longman bl. 126

PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

## VRAAG 8

8.1
- 'n Dramatiese werk vir stemme met orkestrale begeleiding
- 'n Kombinasie van musiek, drama, kostuums, dekor en dikwels dans

| |
|---|
| *1 punt vir 'stemme en orkes'*<br>*1 punt vir die idee van die 'kombinasie'* |

(2)

8.2 **Opera seria**
- Opera met ernstige inhoud
- Storielyn dikwels tragies of heroïes
- Koninklike karakters, antieke mitologie en gode is tiperend

| |
|---|
| *Enige feit = 1 punt* |

**Opera buffa**
- Opera met komiese inhoud
- Storielyn dikwels lighartig en romanties
- Komiese karakters kom uit die werkersklas bv. kamerbediendes, landelike werkers, diensknegte

| |
|---|
| *Enige feit = 1 punt* |

(2)

8.3 **Singspiel**
- Gebruik Duits as taalmedium
- Bevat uitgebreide gesproke dialoog
- Intriges oor die algemeen komies, romanties of bevat elemente van fantasie
- Sluit elemente van towerkuns en fantasie-kreature in
- Oordrewe komiese uitbeelding van goed en kwaad

| |
|---|
| *1 punt vir elke korrekte feit tot 'n maksimum van 2 punte* |

(2)

**Voorbeeld:**
- Bastien en Bastienne – Mozart
- Towerfluit - Mozart
- Die Entfuhrung aus dem Serail– Mozart (1)

| |
|---|
| *Enige korrekte Singspiel = 1 punt* |

**[7]**

PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

## VRAAG 9

### Oorsprong van die werk

- Die gevolg van 'n besoek aan Skotland se Buite-Hebriede Eilande
- 'n Bootrit na die eilande het hom baie beïnvloed
- Hy maak waterverfsketse van die gebied.
- Hy skryf oor sy emosionele ervaringe op die eilande
- Eksotisisme speel 'n belangrike rol in die werk
- Die werk het verskeie werkstitels gehad voordat daar op *Fingal se Grot* en *Hebrides Ouverture* besluit is. (o.a. *Die Eensame Eiland, Die Eiland van Fingal*)

| Programmatiese elemente (Idees en beelde) | Musikale voorstelling en realisering van die programmatiese eienskappe (Instrumente en tegnieke) |
|---|---|
| • Swelling (op en afbeweging) van die see (beweging) | • Openingstema in die lae strykers teenoor die aangehoue note in die hoë strykers en houtblasers imiteer die beweging<br>• Die 'klotsende golwe' tema aan die begin van die ouverture<br>• Die stygende melodie in die laer strykers en houtblasers |
| • Die geruis van die see (klank) | • Tremolo in die strykers<br>• Baie crescendo's en diminuendo's<br>• Groot omvang van dinamiek |
| • Die kragtige breek van branders teen die rotse en kranse | • Sforzandi akkoorde deur die volle orkes |
| • Die weerkaatsing van sonlig op die see | • Tremolo in die strykers |
| • Roep reuke, klanke en selfs soutsmaak van die see voor die gees | • Komplekse teksture en laag op laag aanwending van instrumentasie en musikale materiaal |
| • Grootsheid van die natuurlike omgewing: seelandskap, grot en kuslyn | • Groot omvang van dinamiek en vrye ontwikkeling van melodiese materiaal |
| • Storm op die see | • Crescendo bo-oor 'n pedaalpunt versterk deur die kragtige koperblasers wat die musiek dryf tot 'n klimaks gemerk con fuoco in die strykers |
| • Storm bedaar | • Eindig sag met 'n verwysing na die eerste tema in die klarinet |
| • Dui die hele seelandskap aan | • Baie crescendo's en diminuendo's |
| • Eggogrotte | • Materiaal wat in Koda gebruik word. *Forte*-akkoord gevolg deur *p* -klarinet |
| • Seevoëls | • Woodwind in high register |
| • Mistige sproei | • Fluite speel chromatiese toonlere |
| • Grys verlate horison; Skotse somer | • Lae donker instrumente bv. altiole, tjello, fagotte |

*Punte sal soos volg toegeken word:*

- *Oorsprong = 4 punte*
- *Musikale voorstelling en verwerkliking van die program = 5 punte*
- *Realisering van programmatiese eienskappe = 5 punte*
- *Opstelformaat = 1 punt*
- *TOTAAL = 15 punte*

Bronne:

Krediet moet gegee word aan kandidate wat oortuigend argumenteer oor die vorm en die verwysing na die program en historiese konteks.

Warburton, A: *Analysis of Musical Classics, Book 1*, Longman, bl. 287
Lopez, JP: *Afrikaanse konsertgids*, Human & Rousseau bl. 135
Wise, Dr. P en Van der Spuy, M: *Musical History and General Knowledge of Music*

**[15]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**OF**

## AFDELING D: JAZZ

| |
|---|
| *Een punt sal vir elke korrekte feit toegeken word.<br>Enige korrekte antwoord wat nie in die memorandum gegee word nie, sal ook aanvaar word.* |

### VRAAG 10

10.1
- Manhattan Brothers
- Skylarks

*1 punt vir elke korrekte feit tot 'n maksimum van 2 punte* (2)

10.2 Marabi

*1 punt* (1)

10.3 Kwêla/Pennywhistle jive

*1 punt* (1)

10.4
- Kwêla
- Marabi

*1 punt vir elke korrekte feit tot 'n maksimum van 2 punte* (2)

10.5 **Musikale invloede**
- Slawe-volksliedjies
- Kaaps-Maleise, Khoi-san liedere
- Ritmiese eienskappe van amaXhosa musiek
- Musiek van die straatkarnaval of Kaapse Klopse
- Ghoema maatslag
- Marabi musiek
- Koperblaasinstrumente van marsjeer en kerkorkeste
- Banjo en kitaar van die Kaapse Klopse
- Europese en Amerikaanse Jazz
- Kwêla

(3)

*1 punt vir elke korrekte feit tot 'n maksimum van 3 punte*

10.6
- Abdullah Ibrahim (Dollar Brand)
- Robbie Jansen
- Winston Mankunku Ngozi
- Enige ander relevante bekende kunstenaar

*Enige EEN korrekte antwoord = 1 punt*

(1)
**[10]**



PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

**VRAAG 11**

| | |
|---|---|
| Instrumentasie: | Klavier, baskitaar (kontrabas) en tromstel (Addisionele instrumente: Saksofoon, trompet, tromboon, ens.) |
| Ritme en maatslag: | Vermenging van Afrika, Ghoema en Swing elemente |
| Harmoniese taal: | 17$^{de}$ eeuse eienskappe vermeng met jazz eienskappe (bv. blues) |
| Melodiese eienskappe: | Volksagtig en koraalagtige melodiese konstruksie |
| Tekstuursoorte: | Hoofsaaklik homofonies met elemente van vraag en antwoord (interaksie) |
| Stemming: | Groot verskeidenheid word gebruik van intiem tot uitbundig |
| Improvisasie: | Grootskaalse gebruik in alle instrumente en vermenging van style |
| Eiesoortige klavierspel: | Tremolo akkoorde, pedaalpunte, toontrosse |
| Styl: | |
| • Multikultureel: | Invloede van Kaapstad (Ghoema, Kaapse Klopse, Kerkorkeste, Langarm) |
| • Breë Suid-Afrikaanse style: | Marabi, mbaqanga, kwêla |
| • Elemente van Amerikaanse jazz: | Duke Ellington (Swing), James Johnson (Stride piano), Thelonious Monk (Klavierstyl) |

*1 punt vir elke korrekte feit tot 'n maksimum van 8 punte*

**[8]**

PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 10
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

**VRAAG 12**

**Dolly Rathebe**

**Musiekkenmerke**

- Afro-pop/jazz styl
- Sing populêre, welluidende melodieë met aantreklike ritmes
- Sing populêre dans-style musiek
- Roomagtige en stomende stemsoort
- Altomvang
- Blues-styl

*1 punt vir elke korrekte feit tot 'n maksimum van 2 punte* (2)

**Bydrae tot Suid-Afrikaanse musiek**

- Bydrae tot Afrika vokale jazz-style
- Het Amerikaanse en Afrikaliedere gewild gemaak
- Bydrae tot Suid-Afrikaanse protesmusiek
- Sluit Amerikaanse swingritme met lirieke in Afrikatale in
- *Woza* (1991)
- *A Call for Peace* (1995)
- *Siya gida – We dance* (1997)

*1 punt vir elke korrekte feit tot 'n maksimum van 4 punte* (4)

**Album/trefferliedjie**

*Meadowlands*

*1 punt vir enige korrekte werk* (1)

**OF**

**Thandi Klaasen**

**Musiekkenmerke**

- Het 'n syagtige, roomgladde stem
- Sing saam met die dansorkeste en jazz combo's van haar era
- Kabaretsangeres
- Blues, jazz en Xhosa invloede word in haar musiek gevind
- Tipiese AABA-liedvorm

*1 punt vir elke korrekte feit tot 'n maksimum van 2 punte* (2)

**Bydrae tot Suid-Afrikaanse musiek**

- Bring die eerste uitsluitlike vroue groep byeen, The Quad Sisters
- 50 jaar van optrede
- Toekenning (Woman of Distinction) vir uitmuntende musikale rol in die politieke stryd
- Tree in *King Kong* op

*1 punt vir elke korrekte feit tot 'n maksimum van 4 punte* (4)

**Album/trefferliedjie**

*Sophiatown*

*1 punt vir enige korrekte werk* (1)

**OF**

**Miriam Makeba**

**Musiekkenmerke**

- Groot verskeidenheid van Afrikarepertorium insluitend marabi, mbaqanga, tradisionele Afrikamusiek en Afro-soul
- Wyd variërende wêreldmusiek repertorium insluitend Engelse ballades, Portugese fado's, Braziliaanse bossa novas, Joodse melodieë, Haitiaanse dreunsang ens.
- In die *Skylarks* sing sy 'n vermenging van jazz en tradisionele melodieë uit Suid-Afrika
- Haar stem word vergelyk met
    - die 'smeulende' toonkleur en delikate frasering van Ella Fitzgerald
    - die 'intime warmte' van Frank Sinatra
- Mees bekend vir die sing in haar moedertaal en die gebruik van ploffende, klikkende klanke
- Tradisionele elemente word dikwels inkorporeer bv. manlike backing-sangers, wat geïnspireer is deur mbube kore
- Vermeng jazz, R&B, pop en Afrika musiek in 'n hoogs persoonlike styl
- Gebruik a cappella, helende dreunsang van die amasangoma (tradisionele helers) in een van haar albums
- Klanke en ritmes uit die res van Afrika word gevind in haar lied, *Aluta continua*

*1 punt vir elke korrekte feit tot 'n maksimum van 2 punte* (2)

**Bydrae tot Suid-Afrikaanse musiek**

- Sing modern weergawes van inheemse liedere in haar moedertaal isiXhosa
- Dokumentêre program: *Amandla! A Revolution in Four-Part Harmony* wat handel oor die stryd van swart Suid-Afrikaners teen die onregverdighede van apartheid, deur die gebruik van musiek
- Het 'n historiese betekenis as gevolg van haar inspirerende aktivisme teen Apartheid, deur musiek
- Met die vrystelling van *Pata Pata* in 1967 in die VSA, het Makeba internasionale erkenning vir Suid-Afrikaanse musiek verkry, waardeur sy die lyding van die meerderheid Suid-Afrikaners in die kollig laat val het
- Verdien 'n internasionale reputasie, nie alleen as musikus nie, maar ook as kulturele aktivis teen die segregasie beleid van die Suid-Afrikaanse regering
- Eerste vroue kunstenaar wat musiek uit Afrika in die wêreld populêr maak
- Doen opnames en toer saam met heelparty populêre kunstenaars bv. Harry Belafonte en Paul Simon
- Ontvang 'n Grammy Award vir die beste folk-opname saam met Harry Belafonte
- Tree in *King Kong* op

*1 punt vir elke korrekte feit tot 'n maksimum van 4 punte* (4)

**Album/trefferliedjie**

*Pata Pata*

*1 punt vir enige korrekte werk* (1)

Bron: Wikipedia, the free encyclopedia

**[7]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 10
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

## VRAAG 13

| | Marabi | Kwêla |
|---|---|---|
| **Oorsprong**<br>*= 3 x 2 = 6* | • 1920 in Johannesburg<br>• Tiekie-draai (Kaapse volksdans)<br>• Xhosa volksliedjies<br>• Vroeë Amerikaanse Jazz<br>• Ragtime en Blues<br>• By partytjies en shebeens van die werkersklas in stedelike Afrika<br>• Gebruik by sosiale geleenthede bv. stokvel partytjies | • 1950 in Sophiatown om te waarsku die polisie is oppad<br>• Amerikaanse Jazz<br>• Boogie-Woogie<br>• Marabi<br>• Enkeluitvoering op straat en busking<br>• Begeleiding later by kwêla musiek bygevoeg |
| **Musiekkenmerke en Instrumentasie**<br>*= 3 x 2 = 6* | • Sikliese akkoordprogressie: I – IV – I6/4 – V<br>• Die drie-akkoord patrone word vir tradisionele melodieë gebruik<br>• Klein instrumentale ensembles insluitend klavier en skudkoker<br>• Matige tot flink tempo<br>• Vinnige ragtime-gebaseerde ritmes<br>• Herhalende enkeltematiese dansliedere<br>• Eenvoudige pedaalorrel, kitaar, banjo, en trom (handgemaak) of perkussie (skudkokers) | • Sikliese akkoordprogressie: I – IV – I6/4 – V of I – IV – V – I<br>• Solospelers of met 'n begeleidende orkes<br>• Matige tot flink tempo<br>• Skiffle-agtige maatslag<br>• Jive / swing ritmes<br>• Vervleg ander melodiese lyne met die vokale party<br>• Melodiese materiaal word ontwikkel in improvisasie<br>• Penniefluit<br>• Aanvanklik deur kitare en tromme begelei<br>• Saksofone vervang penniefluit as hoofinstrument |
| **Uitvoerders en werke**<br>*= 1 x 2 = 2* | • Manhattan Brothers – *Jikela emaweni*<br>• The Jazz Maniacs – *Gully Low Blues* | • Spokes Mashiane – *Banana ba Rustenburg*<br>• Lemmy Mabaso – *See you later* |
| **Opstelformaat** = *1 punt* | | |

*Punte sal as volg toegeken word:*

| | |
|---|---|
| *Styl oorsprong* | *= 3 x 2 = 6 punte* |
| *Musiekkenmerke en instrumentasie* | *= 3 x 2 = 6 punte* |
| *Kunstenaars en werke* | *=1 x 2 = 2 punte* |
| *Opstelformaat* | *= 1 punt* |
| *TOTAAL* | *= 15 punte* |

*Hierdie vraag is nie vergelykend nie kandidate mag 'n mini-opstel oor elke styl skryf.*

**[15]**

**TOTAAL ADELING D: 40**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
OF
2014 -11- 10
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

## AFDELING E: INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (IAM)

| |
|---|
| *Een punt sal vir elke korrekte feit toegeken word.* *Enige korrekte antwoord wat nie in die memorandum gegee word nie, sal ook aanvaar word.* |

### VRAAG 14

14.1

| | |
|---|---|
| *Vokale liedere wat gebruik word in inisiasie*<br>*Vokale liedere wat gebruik word in huwelikseremonies* | *= 1 punt*<br>*= 1punt*<br>**= 2 punte** |
| *Rol van die musiek in inisiasie*<br>*Rol van musiek in huwelikseremonies* | *= 1 punt*<br>*= 1punt*<br>*= 2 punte* |

(4)

14.2
- **Ululasie**
  'n Hoë, lang, fladderende, toonhoogte wat deur 'n trilling van die stembande voortgebring word
- **Krepitasie**
  Tussenwerpsels en uitroepe wat deur die stem en mond voortgebring word en die emosionele inhoud van die lied onderstreep

| |
|---|
| *1 punt vir elke korrekte definisie = 2 punte* |

(2)

14.3 *Punte sal toegeken word vir die soort dans wat genoem word en die beskrywing van hoe die beweging met die musiek in verband gebring word.*
Bv. Danstipe – Indlamu
- Vroue sing en klap die maatslag terwyl die mans dans
- Tromspelers hou die dansers fyn dop sodat 'n sterk slag gegee word op die presiese oomblik wanneer die danser se voet die grond tref of wanneer die danser homself op die grond werp
- Daar is 'n verskil in hoe hoog die been gelig word in die dans wanneer tussen jong meisies en getroude vroue gedans word
- Die musiek bepaal die tempo, ritme en vlak van uitbundigheid van die dans

| | |
|---|---|
| ***Voorbeeld 1*** | |
| *Beskrywing van dans* | *= 1 punt* |
| *Integrasie =* | *= 1punt* |
| ***Voorbeeld2*** | |
| *Beskrywing van dans* | *= 1 punt* |
| *Integrasie* | *= 1 punt* |

(4)
**[10]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 10
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

## VRAAG 15

**Oorsprong**

- Ontstaan in die 1970's uit Imbube
- Naam afgelei van die woord *cathama*
- Isicathamiya beteken te loop asof jy iets bekruip
- Die styl is vernoem na die choreografie van die sangers van die styl (ukucothoza)
- Die trekarbeiders in die stede het die styl tot stand gebring
- Bg. bly in hostelle waar hul uit verveling isicathamiya kore stig waarmee hul teen mekaar kompeteer

(3)

**Stylkenmerke**

- A cappella sang
- Lirieke in isiZulu
- Vraag en antwoord sang tussen die leier en die groep
- Improvisatoriese karakter
- TTBB sang
- Mannekoor ensemble bestaande uit 8 tot 20 sangers
- Ukubonga – Inleiding word gesing deur die leier om die lede van sy groep bekend te stel
- Poëtiese lofuiting word in die leier se improvisasie gehoor
- Sterk geneentheid tussen die uitvoerders en die gehoor (soms deelname deur die gehoor)

(3)

**Bekende groep** – Ladysmith Black Mambazo (1)

**Album/Treffer** – *Unomathemba, Homeless* (1)

| |
|---|
| ***Oorsprong** – 1 punt vir elke korrekte feit tot 'n maksimum van 3 punte*<br>***Styleienskappe** – 1 punt vir elke korrekte feit tot 'n maksimum van 3 punte*<br>***Bekende groep** – 1 punt*<br>***Album/Treffer** – 1 punt* |

**[8]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 10
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

## VRAAG 16

**Stylkenmerke**

- 'n Tiperende mbaqanga lied begin met 'n kort geïmproviseerde inleiding wat gebaseer is op 'n ritmies komplekse en dubbelsinnige motief gespeel op die solo kitaar
- 'n Viermaat-akkoordprogressie wat as basis vir die hele werk dien, word nou deur die tromstel en baskitaar aangebied
- Vraag en antwoord word tussen vokale partye en stem en instrumente gebruik
- Die baslyn speel 'n belangrike rol in 'n mbaqanga lied omdat dit nie alleen die harmoniese basis daarstel nie, maar ook ritmiese en melodiese frases uit die vokale party herhaal
- Mbaqanga behou dansagtige stylkenmerke maar bied kragtiger klanke en 'n sterker voortstuwende maatslag as kwêla en ander dansmusiek aan

| *Enige 5 korrekte en relevante feite sal aanvaar word = 5 punte* |
|---|

(5)

**Kunstenaar en Album/Treffer**

- Boyoyo Boys – *Tsotsi*
- Mahlathini and the Mahotella Queens – *Melodi yalla, Sithunyiwe*
- Soul Brothers – *Wamuhle*

| *1 punt vir groep, 1 punt vir album/treffer = 2 punte* |
|---|

(2)
**[7]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 10
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

## VRAAG 17

| Malombo | Maskandi |
|---|---|
| **Oorsprong** = *1 punt vir elke korrekte feit, 2 per styl = 4 punte* | |
| • Ontleen aan afgeleë Vhavenda kultuur<br>• Bapedi musiek is ook kenmerkend van die styl<br>• Eerste Malombo orkes in 1962 gestig<br>• Gepopulariseer deur Phillip Tabane<br>• Die land geteister deur etniese wrywing<br>• Malombo musiek poog om stamme te verenig<br>• Verdere ontwikkeling vind plaas gedurende die jazz feeste van die 1980's | • Landelike isiZulu musiektradisie<br>• Ontwikkel uit imbongi (tradisionele Zulu-digkuns)<br>• Kitaarspel kon by boere geleer gewees het<br>• Mans loop lang ente en speel kitaar om hulself besig te hou<br>• In stedelike gebiede het maskanda-musikante begin om meer instrumente te gebruik, bv. tromme, elektriese kitaar en klawerbordinstrumente |
| **Algemene musiekkenmerke** = *1 punt vir elke feit, 4 per styl = 8 punte* | |
| • Vermeng tradisionele komposisies met tradisionele temas<br>• Afrika trom en handperkussie is in wisselwerking met die unieke kitaar en fluitklanke<br>• Bestaan uit liedere, dans en dramatiese elemente<br>• Afrika ritmes word verskaf deur die bhongo en malombo tromme<br>• Gebruik 'n 12-maat blues struktuur<br>• Verweef musikale tradisies van die baPedi en vhaVenda met jazz<br>• Rustige majeurakkoorde word af en toe onderbreek deur uitbarstings van flink spel en passievolle sang | • Begin altyd met Izihlabo – vinnige gesproke deel bestaande uit lofprysingspoësie in isiZulu<br>• Begeleiding bestaan uit geplukte kitaarspel (ukupika)<br>• Akoestiese/Staalsnaarkitaar word gebruik<br>• Tradisionele gemeenskapsteater word later kommersieel<br>• Ukubonga (Lofprysingspoësie) in die middel van die lied, is 'n belangrike element van die styl<br>• Slegs isiZulu lirieke<br>• Vraag en antwoord tussen die leier en die ondersteunende sangers en/of orkes kom voor<br>• Choreografie is tradisionele isiZulu |
| **Een album/treffer** – *1 punt vir elke korrekte antwoord, 1 punt per styl = 2 punte* | |
| • *Ngwana wa lela, Malombo, Phamba Madiba* – Phillip Tabane<br>(enige ander korrekte voorbeeld sal aanvaar word) | • *Nkiyankiya* - Ihashi elimhlophe,<br>• *Imbizo* – Puhuzekhemisi<br>(enige ander korrekte voorbeeld sal aanvaar word) |
| **Opstelformat** = *1 punt* | |

| *Punte sal vir die volgende toegeken word:* | |
|---|---|
| *Oorsprong* | *2 x 2 = 4 punte* |
| *Musiekkenmerke* | *4 x 2 = 8 punte* |
| *Album/Treffer* | *1 x 2= 2 punte* |
| *Opstelformaat* | *1 punt* |
| *TOTAAL* | *15 punte* |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 10
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

**[15]**

*Hierdie vraag is nie vergelykend, kandidate mag 'n mini-opstel oor elke styl skryf.*

**TOTAAL AFDELING E: 40**
**GROOTTOTAAL: 120**